Preek
Sondag 25 Mei 2008
Ds Freddie Schoeman

Begin vandag met 'n uiters belangrike vraag: is jy tevrede met jou lewe soos wat dit is? Sekere areas van ons lewens waarmee ons tevrede is, ander nie. Lewenswiel.

// Is God tevrede met jou lewe soos wat dit is? Is jy seker jy is waar God wil hê jy moet wees?

Hoekom is jy waar jy is? Uitkomste van besluite – Groot en klein – koers en rigting van jou lewe bepaal. Hoekom het jy die spesifieke besluite geneem? Groot mate bepaal deur jou denke – jou verwysingsraamwerk, jou opinies, jou waardes, jou siening van die realiteit, jou oordeel oor wat jy nodig het en nie nodig het nie, hoe jy situasies lees en beoordeel, hoe belangrik ander mense se menings is.

Paulus: Moenie aan die sondig wêreld gelyk word nie – maar laat God julle denke vernuwe … dan sal julle … goeie besluite kan neem! Vraag: in hoe 'n mate is ons denke bepaal deur die wêreld en die agenda van die wêreld – en in hoe 'n mate is ons denke bepaal deur God en deur sy agenda vir die wêreld.

Wie se agenda? Die wêreld se agenda? Ander mense s'n? Jou eie? Of: God se agenda?

God se agenda? Psalm 33:8-11

8 Die hele aarde moet die Here vrees,
al die bewoners van die wêreld
moet vir Hom ontsag hê,
9 want Hy het gepraat en dit was so,
Hy het beveel en dit was daar.

Vraag: hoekom?

10 Die Here verydel die planne
van die nasies,
Hy laat hulle besluite op niks uitloop.
11 Maar die planne van die Here
staan vir altyd vas,
sy besluite van geslag tot geslag.

God is besig om 'n pad met die wêreld te loop – van geslag tot geslag. Multi-generasionele plan – wat oor talle generasies strek. Anders as menslike planne – menslik planne word verydel – God se plan nie. God se plan is groot omvattend – omvat die hele aarde (heelal) strek van ewigheid tot ewigheid – menslike planne is baie eng: fokus net op die hede en die onmiddellik toekoms (binne die huidige geslag.) [Geskiedenis: Assiriërs, Babiloniërs …]

Kerngedagte: God is besig om sy plan met wêreld te verwesenlik. God is aan die werk! God is aktief besig om sy agenda vir die wêreld te volvoer.

Waar pas ons in? Hoekom is ons hier? Hoekom is ek hier? Hoekom is hierdie gemeente hier? Het ons lewens enigsins betekenis?

Ef 2:10 … *in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.*

JY WORD UITGENOOI OM DEEL TE WEES VAN GOD SE PLAN!! Dis waarvoor jy hier is – dis waarvoor ons hier is. Jou lewe het 'n doel! Jou lewe het betekenis!

Weer: is jy waar God wil hê jy moet wees met jou lewe? Is jy besig om jou lewe te wy aan die goeie dade waarvoor die Here jou bestem het? Waaraan is jy besig om jou

- tyd (elke dag 24 uur)
- geld (hulpbronne)
- energie (krag)
- talente
- vermoëns

te wy?

Jy word uitgenooi om deel te wees van God se werk / droom / plan.

Klink alles goed, maar: As ek hier uitstap – dan stap ek die werklikheid binne. Ek is nie so seker of God besig is om daar te werk nie.

Dissipels: Matteus 11:12 - *Sedert die dae van Johannes die Doper tot nou toe breek die koninkryk van die hemel vir homself 'n pad oop, en mense wat hulle kragtig inspan, kry dit in besit.*

Dis nie wat ons sien nie!! Ons sien die Romeine wat vir hulleself 'n pad oopbreek – en hulle span hulle self kragtig in en kry in besit net wat hulle wil hê!

Vandag: magshonger despote, ons sien vreemdelinghaat, ons sien aarbewings en oorstromings, honger, armoede, ellende, siektes (plakkerskampe). Waar is God aan die werk? Ons kan dit nie sien nie!

Ek sien nie … soos mense in Jesus se tyd. Hulle het dit gemis.

Psalm 33 sê: Mense se planne word verydel … God se planne kan nie verydel word nie.

… en ons word genooi om deel te word daarvan! Ons kan dit mis! …

Ek sien God se handewerk – daar waar mense hulle klerekaste skoonmaak en kos gaan koop, daar waar mense rondry en kos en klere kollekteer en dit na 'n plakkerskamp toe vat; sien God se handewerk daar waar mense (Methodiste) hulle kerkgeboue beskikbaar stel om vlugtelinge te akkommodeer; ek sien God se voetspoor daar waar mense hulle harte en beursies oopmaak om by te dra tot 'n Geloofofferfonds juis om stukkende mense en stukkende omstandighede heel te maak.

Daar waar mense hulleself – hulle tyd, geld en energie beskikbaar stel om met jongmense en kinders te werk in 'n gemeente sodat die volgende geslag gelowiges voorberei kan word om God se werk te doen. Daar waar mense bereid is om uit te reik na 'n mede broer en suster wat deur 'n swaar tyd gaan. Daar waar mense bereid is om tyd opsy te sit om te droom oor wat God se wil vir ons gemeente. Funksies en projekte te reël en koek te bak om hierdie gemeente sterk te maak om God se plan uit te voer.

Goue draad? Mense wat deur God gebruik word om sy plan uit te voer – om sy droom waar te maak. God is besig om sy plan waar te maak deur mense soos julle! God wat in die verborge sien sal julle in die openbaar beloon.

Uitkoms: liefde, vreugde, vrede Opwinding: rugbyspan wat wen – nuwe dinge

Ons kan dit mis!